**1 FEBRUARIE** **SKRIFLESING: GENESIS 24**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 24:48**

## God verhoor jou gebed deur die alledaagse dinge

Op watter wyse sou jy sê verhoor God jou gebed? Wat is jou verwagting van God ten opsigte van die verhoring van gebed? Baie mense dink dat gebedsverhoring op ‘n dramatiese wyse moet plaasvind. In der waarheid vind dit in die alledaagse gang van die lewe plaas.

In Genesis 24 het ons te doen met die verhoring van gebed. Abraham stuur sy slaaf om vir sy seun Isak ‘n vrou te gaan soek onder sy eie mense. Die vertroue wat hy in hierdie slaaf plaas, is ‘n geloofsvertroue. Die rede hoekom dit so is, is die manier waarop die slaaf optree as hy uiteindelik by die stad kom waar Nahor gewoon het. Nahor was Abraham se broer.

Daar by die put waar almal van die dorp moet water kom kry, doen hy ‘n gebed. In sy gebed raak hy baie spesifiek in dit wat hy van God vra, veral rondom die presiese gebeure wat moet plaasvind. ‘n Mens moet egter besef hoe moeilik dit eintlik vir hom moet gewees het. Hier by die put is die plek waar al die mense van die dorp hulle water kom haal. Dit is vir menslike gebruik, asook vir diere. Hoeveel mense het nie daar alreeds verbygeloop nie! Dit is egter direk na die gebed dat die beantwoording van die gebed plaasvind. Dit is hier waar Rebekka, Nahor se kleindogter, kom om water vir die huis te skep, en waar die beantwoording van die slaaf se gebed plaasvind.

Wat ons hier mooi moet verstaan, is dat die Here die gebed beantwoord het. Hy het dit gedoen sonder dat die alledaagse gebeure versteur word. Geen dramatiese dinge het plaasgevind nie. Dit was deur die geloof dat die slaaf deur die loop van die alledaagse dinge die hand van die Here kon raaksien, en sy gebed sodoende beantwoord is. Hoe dankbaar is hy nie! In vers 48 lees ons hoedat hy God loof vir die beantwoording van sy gebed.

Dit is juis ook in my en jou lewe vandag dat die Here die alledaagse gang van die lewe gebruik om sy wondere te verrig. Daarom is dit belangrik vir jou om jou geloofsoë daarop in te stel en raak te sien wat God elke dag vir jou doen. Dan kan jy elke aand in dankbaarheid voor Hom kniel en Hom loof vir die wondere in jou lewe daardie dag en ook van elke dag.

*Sing: Psalm 74:2, 16 (wysie Psalm 116)* *Ds Neville Boy (Drieviersboom)*